HOE OM IN TE SKRYF VIR ‘N KANS OM DIE KAR TE WEN:

Wanneer jy ‘n volwasse of ‘n pensioenaris toegangskaartjie koop vir die Weskus Kuier-Konsert wat op 08 Maart 2025 by Laaiplek Hotel plaasvind, kwalifiseer jy automaties as ‘n deelnemer in die kompetisie om die kar te wen.

Die kompetisie kaartjies word op die terrein aan elke person verskaf wat die nodige toegangskaartjies gekoop het en toon met aankoms.

Wanneer jy by die toegangshekke instap, maak asb seker jy ontvang jou aparte kompetisie kaartjie by een van die beamptes – slegs vir betaalde toegangskaartjies.

Elke betaalde volwasse en pensioenaris toegangskaartjie = 1 inskrywing tot die kompetisie.

Diegene wat ‘n kaartjie gratis ontvang het om toegang tot die terrein te kry, bv borge en wenners van ander kompetisies, ontvang nie ‘n kaartjie vir die kar kompetisie nie, maar is welkom om addisionele toegangskaartjies te koop om deel te neem aan die kar kompetisie.

Pensioenaris kaartjie houers (60 jaar en ouer) moet 'n ID kan toon. Indien ‘n pensioenaris kaartjie die prys wen en die kaartjie behoort nie aan ‘n pensioenaris nie, word ‘n nuwe wenner getrek.

Kaartjie verkope sluit 18:15 op Saterdag, 08 Maart 2025
Die trekking en oorhandiging vind 19:00 tot 19:30 op die verhoog plaas.
Die wenner moet tydens die trekking op die terrein wees om die prys, op die verhoog, te ontvang. Foto's gaan geneem word vir media- en sosiale media publikasies.

Indien die wenner nie op die terrein is nie, word ‘n volgende wenner getrek en die eerste wenner verbeur die prys.

Daar is geen beperking op hoeveel kaartjies 'n persoon mag koop nie.

Die stelsel wat gevolg sal word om die trekking te doen, sal gedurende die dag en voor die trekking van die verhoog af verduidelik word.

Daar is slegs een voertuig wat gewen kan word. Die prys kan nie vir kontant geruil word nie.

Die voertuig word deur Jeep Bully’s (PTY) Ltd geborg. Die Weskus Kuier-Konsert aanvaar geen verpligting hoegenaamd t.o.v nasorgdiens ivm die voertuig, instandhouding, versekering, ens nie. Dit is die wenner se eie verantwoordelik om die voertuig op sy/haar naam te registreer binne 30 dae van ontvangs.

Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen gesprek of korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.